

BOEKRESENSIES

J J Owens, *Analytical key to the Old Testament. Vol.4. Isaiah-Malachi*, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1989, 941pp. Prys onvermeld.

Hierdie analitiese Hebreeuse leksikon se doel is om 'n volledige grammatikale en leksikografiese beskrywing van elke woord in die Hebreeuse kanon te gee. Daar word dus vers vir vers deur die Hebreeuse kanon beweeg en van elke woord 'n grammatikale beskrywing gegee. Verder word die bladsyverwysing gegee waarop dié bepaalde woord in die *Brown, Driver & Briggs* Hebreeuse woordeboek verskyn. Daar word ook 'n Engelse vertaling van die woord gegee en by werkwoordvorme word die werkwoordstam ook aangegee. Die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* word as basis gebruik.

Die oorkoepelende doel van dié analitiese woordeboek is om aan studente, predikante en teoloë 'n sleutel of hulpmiddel te gee om die Ou Testament beter te kan interpreteer. In die woorde van die outeur: "This key is intended to assist the person who knows some Hebrew but has not retained interpretive or grammatical discernment." Hierdie "Volume 4" is die eerste om te verskyn en behandel, soos wat die opskrif aandui, al die profetiese geskrifte. Die outeur, John Owens, is 'n kenner van die Hebreeuse taal en het meer as vyf en dertig jaar Hebreeus aan die "Southern Baptist Theological Seminary" gedoseer.

Dit kan nie ontken word nie dat hierdie leksikon wel 'n hulpmiddel kan wees by die lees en interpretasie van die Ou Testament. Aan die anderkant kan so 'n leksikon ook **gevaarlik** wees omdat dit 'n mens in die versoeking kan bring om in plaas van self met die grammatika en 'n gewone woordeboek te worstel die maklike ontsnappingsroete te gebruik deur dit gou in die analitiese leksikon op te soek. So 'n analitiese leksikon kan 'n mens dus lui maak. Maar selfs dié **sonde** is te verkies bo die gewoonte om glad nie met die Hebreeuse teks te werk nie. Hierdie leksikon kan dus reg gebruik word indien dit funksioneer as 'n hulpmiddel vir diegene wie se Hebreeus nie heeltemal op standaard is nie.

W S Prinsloo

Tremper Longman III, *Literary approaches to Biblical interpretation (Foundations of Contemporary Interpretation vol 3)*, Apollos 1987, 164pp. Prys £6.95.

Die breë doelwit van hierdie boek is om die leser bewus te maak van die literêre aard van die Bybel en om hom op hoogte te bring met die belangrikste navorsing oor die literêre aard van die Bybel. Die outeur is van mening dat die literêre aard van die Bybel in die verlede nie genoeg beklemtoon is nie. Hy meen ook dat dit 'n valse digotomie is om te praat van die Bybel as "literature or history" omdat beide dié fasette belangrik is.

Daar moet onmiddellik gesê word dat die skrywer in sy doel slaag met die boek. Sonder die gebruikelike akademiese jargon slaag hy daarin om 'n goeie oorsig van en inleiding tot die literêre benadering(s) van veral die Ou Testament te bied. In dié opsig behoort die boek 'n handige oriëntering te wees vir veral studente. Verwysings na die jongste literatuur en na die belangrikste publikasies verhoog die waarde van die boek nog meer. Omdat die boek basies populêr geskryf is, het dit tog ook beperkinge omdat daar nie werklik akademiese diepte is nie. Die praktiese voorbeelde wat die outeur gee, neig ook om 'n bietjie oppervlakkig te wees.

Die boek bestaan uit twee hoofdele: 'n teoretiese en praktiese deel. Die teoretiese deel bestaan uit drie onderafdelings: Eerstens 'n oorsig oor die navorsing. Hier word dan veral aandag gegee aan outeuresentreerde, teksgesentreerde en lesergesentreerde teorieë. Hiermee word die hele kommunikasieproses gedek. Vervolgens word daar ook aandag aan die dekonstruksie gegee. Die tweede en derde dele kon net so wel in een deel verwerk gewees het. Hier sit die skrywer sy hele literêre benadering uiteen. Hy wys op die probleme en voordele; hy sit die basiese funksies van die Bybelse literatuur uiteen en gee

aandag aan literêre kommunikasie. In die tweede hoofdeel van die boek, naamlik die praktiese deel, behandel hy die analise van eers die narratiewe en dan die poëtiese gedeeltes van die Ou Testament. In elke geval gee hy eers breë riglyne van hoe die bepaalde *genre* (die narratiewe en die poëtiese gedeeltes) hanteer moet word en daarna gee hy dan konkrete voorbeelde van hoe sy teorie toegepas word.

Soos wat ek reeds opgemerk het, wil ek die boek van Tremper Longman III sterk aanbeveel. Dit bied 'n goeie inleiding tot die literêre benadering van die Bybel en beklemtoon met reg dié belangrike aspek.

W S Prinsloo

Richard C Trench, *Synonyms of the New Testament*, edited by R G Hoerber, Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1989, 425 pp.

Richard Trench (1807-1886) se **Synonyms of the New Testament** het reeds in 1876 vir die eerste keer verskyn. "Deur die jare" het dit 'n gewilde naslaanwerk geword, soveel so dat Baker Book House die boek met enkele verbeteringe in 1989 (113 jaar na die eerste verskyning) heruitgegee het. Robert G Hoerber was verantwoordelik vir hierdie heruitgawe. Die hele boek is taalkundig herskryf en gemoderniseer. Titels van boeke en aanhalinge in "foreign languages" is in Engels vertaal en die Griekse en Hebreeuse woorde is volgens **The New Strong's Exhaustive Concordance of the Bible** gekodeer. Daar is ook heelwat moeite gedoen om die boek afgerond en netjies te laat vertoon. Die boek is stewig in hardeband gebind met 'n kleurvolle rugkant. Verder is daar ryklik van verskillende lettertipes in die boek gebruik gemaak wat dit aantreklik maak om te lees. Die boek het ook 'n omvattende indeks en goeie inhoudsopgawe wat naslaanwerk vergemaklik.

Die boek bevat sowat 106 woordgroepe of groepe sinonieme. Vir Trench is sinonieme woorde wat in hul betekenis nou verband vertoon, maar tog betekenissskakeringe bevat. Elke woord se **domain of meaning** moet vasgestel word en dan met ander soortgelyke woorde in assosiasie geplaas word. So word "Church, synagogue, assembly, congregation" of "Sin, disobedience, unrighteousness, lawlessness" byvoorbeeld saamgegroeper en in verband met mekaar behandel. As daar byvoorbeeld meer as een Griekse woord vir liefde is, word dit ook saam behandel onder die een Engelse opskrif "love".

'n Suid-Afrikaanse Nuwe-Testamentikus wat in die atmosfeer van die moderne taalkunde beweeg, se eerste reaksie sal waarskynlik baie skepties wees. Die wenkbroue sal lig oor 'n boek uit 1876 wat probeer om die "betekenisse" van woorde te omskryf. Dit was tog met 'n mate van verrassende verbasing dat die boek gelees is. Wat veral verbaas het, is die sterk ooreenkomstige in werkswyse tussen Trench en dit wat as so **nuut en modern** in ons tyd aangeskryf word.

Trench het as volg te werk gegaan. Hy het "betroubare" (die betroubaarste) bronne wat in 1876 beskikbaar was, se definisies as vertrekpunt geneem om **groepe woorde** te identifiseer ('n soort "semantiese veld"?). Daarna het hy gedeeltes gesoek waar die woorde **antities** gebruik word (die bekende moderne uitspraak dat "kontras" die gebruiksbetekenis ophelder). Derdens het hy kontekste (soos ons vandag!) gesoek waar die betrokke woorde **klimakties** gebruik word en die woord dus 'n bepalende bydrae tot die betekenis van die gedeelte maak. Vierdens is daar na gedeeltes gekyk waar die onderskeie sinonieme in dieselfde asook in onderskeie **kontekste** voorkom. Vyfdens word gekyk na die woorde waarmee elke sinoniem saam gebruik word ten einde vaste **assosiasies** vas te stel. Ssedens probeer hy kyk na die gebruik van soortgelyke woorde in verskillende tale.

Daarmee is die styl waarop die artikels oor die verskillende groepe sinonieme aangebied word, dan ook aangedui.

Uit dit wat tot nou toe gesê is, is dit duidelik dat die boek nie heeltemal onbruikbaar is nie. Tog moet teen 'n onkritiese gebruik van die boek gewaarsku word. **Woord- en betekenisshantering** het darem in die afgelope eeu verfyn. (Wat dus die meeste gepla

het, is die soms kru wyse waarop daar met **woordbetekenis** omgegaan word. In die boek **het** 'n woord nog 'n (enkele) inherente betekenis. Vandag besef ons dat daar 'n verfynde interaksie bestaan tussen dit wat die konteks tot 'n woord se **betekenis** bydra en omgekeerd. Etimologie is 'n aanvaarbare werkswyse in die semantiek van die boek, terwyl die funksie van etimologie vandag in beter perspektief gesien word. Daar word ook nie die nodige sensitiwiteit vir die gebruik van verskillende woorde deur verskillende skrywers getoon nie. Hierdie en ander kruhede mag vir die persoon wat in moderne taalkunde onderlê is, hinderlik wees en baie van die **stellings** in die boek waardeloos en verdag maak. Die boek kan dus nie sterk vir hierdie groep lesers aanbeveel word nie, tensy hulle bereid is om die boek met 'n redelike mate van kritiese sifting te lees.

Tog was dit vir my nie snaaks dat hierdie boek oor meer as 'n eeu sy gewildheid behou het en herdruk is nie. Daar is baie materiaal in die boek wat waardevol is, veral as preekstof. Soos reeds genoem, is die werkswyse van Trench verrassend **modern** wat tog 'n onderliggende geldigheid aan baie van sy stellings verleen.

Kortom, **Synonyms of the New Testament** is bruikbaar, mits dit krities gelees word.

J G van der Watt

H M Conn (ed), *Inerrancy and Hermeneutic: A tradition, a challenge, a debate*, Baker Book House, Grand Rapids 1988, 275pp. Prys onbekend.

Die boek bevat 'n veertiental artikels waaruit die worsteling van Westminster Theological Seminary met vraagstukke rondom die Bybel, veral dié van **inerrancy** wat van die begin af vir hulle 'n saak van groot belang was, duidelik word. Hoewel die vraagstukke wat aangesny word, van wyer betekenis is, het die diskussie tog 'n besonder plaaslike kleur. 'n Mens ontkom nie aan die indruk dat dit hier om **ou** sake gaan, wat by ons in elk geval nie meer op hierdie manier en op hierdie vlak tot diskussie gebring sal word nie. Die seminarie het in 1946 'n bundel gepubliseer oor **The infallible Word**. Hierdie een wil bo die vraag van die onfeilbaarheid nou die enger vraag na die feilloosheid as "an affirmation of faith" (10-11) aan die orde stel. Vir Waltke beteken dit dat die Bybelskrywers nie vir hulle inligting oor byvoorbeeld die patriargale tydperk van mondelinge tradisies afhanklik sou kon wees nie. Intendeel: "The truth is . . . that every biblical narrator is omniscient. They know the thoughts of God in heaven and characterize the earthly subjects . . . by telling us their most private thoughts and conversations. Such storytellers are not dependent on oral tradition" (135). Of dié bydraer al gehoor het van die alwetende outeur in fiksie!? Meer gebalanseerd is die stellings van Silva wat met klaarblyklike instemming na Warfield verwys wanneer hy sê: "Inspiration does not convey omniscency . . ." (71).

Die vrae wat in dié boek aan die orde kom, is wel oor die algemeen belangrike vrae wat deur baie moderne Christene gevra word. Maar die wyse waarop na 'n antwoord gesoek word, en ook die antwoorde wat gevind word, en selfs die wyse waarop die vrae aan die orde gestel word, maak so 'n verouderde indruk dat dit 'n vraag is of die lees daarvan begrip kan bevorder. 'n Mense kan die drang om van 'n Rip van Winkei-sindroom te praat, nie onderdruk nie.

Ter wille daarvan dat die leser maar self moet besluit, volg die veertien titels hier:

- * A historical prologue: Inerrancy, hermeneutic and Westminster
- * Inerrancy and Westminster Calvinism
- * How does the Bible look at itself?
- * Old Princeton, Westminster and inerrancy
- * What does God say through human authors?
- * The New Testament's use of the Old Testament
- * Oral tradition
- * Storytellers and poets in the Bible: Can literary artifice be true?
- * Harmonization: A help and a hindrance
- * The New Testament as Canon.

J H Roberts

Die twee skrywers van hierdie werk is man en vrou, maar tegelyk ook twee geleerdes in eie reg. Hulle is albei verbonde aan die Fuller Teologiese Seminarie. Hy is professor in Sosiologie en Gesinsontwikkeling asook direkteur van Navorsing in Huwelik- en Gesinsbediening. Sy is medeprofessor in Huwelik- en Gesinsbediening en direkteur van Kliniese Opleiding. Sy het 'n Ed.D. van die Universiteit van Georgia en hy 'n Ph.D. van die Universiteit van Iowa.

Die waarde van die boek is dan ook daarin geleë dat hierdie twee geleerdes vanuit die Teologie, die Sosiologie en die klinies-terapeutiese hoek 'n wydgeskakeerde ontplooiing van die tema van die huwelik en gesin bied. **Deel een** handel oor 'n teologiese en sosiale perspektief op die gesinslewe; **Deel twee** oor die huwelik as basis vir die gesinslewe; **Deel drie** oor ouerskap; **deel vier** oor seksualiteit; **deel vyf** oor kommunikasie; **deel ses** oor die sosiale dinamika van die gesinslewe; en die laaste gedeelte oor die gesinslewe in die moderne samelewing.

Wat ons in hierdie boek aantref, is baie goed verantwoorde praktiese teologie op die terrein van die huweliks- en gesinslewe. Dit is goed verantwoord omdat dit eerstens daarin slaag om 'n teologiese teorie daar te stel wat meer is as net 'n paar verwysings na Bybeltekste. Daar word wel erns gemaak met die Bybelse uitsprake oor huwelik, gesin, liefde, seksualiteit ensovoorts, maar dan op grond van kontekstuele eksegeese en met deeglike rekenskap van die huidige kultuursituasie. Die hermeneutiese Skrifuitleg oor kwessies wat so nou met sosiokultuur verbind is, is na my mening verantwoord en stimulerend. Die waarde van 'n goed verantwoorde teologiese teorie wanneer met praktiese teologie omgegaan word, kan nie oorskat word nie. In die woorde van die skrywers: "A good theory is like a pair of glasses in that it allows one to focus more sharply upon that which is being observed" (110). Tweedens is dit ook goed verantwoorde praktiese teologie omdat daar ook 'n hermeneutiese benadering ten opsigte van die ander geesteswetenskappe gevolg word. Die Teologie, Sosiologie, Sielkunde en Kommunikasiekunde word hier in 'n geïntegreerde geheel saamgevoeg. Die Praktiese Teologie kan nou eenmaal nie anders as om inter-dissiplinêr te werk nie. Hierdie werkwysse word in die boek beide by die formulering van basisteorieë en praktykteorieë gevolg. Tog is dit duidelik dat dit die oogmerk van die skrywers is om eerstens teologies te werk. Myns insiens slaag hulle ook goed daarin. Teorieë uit die menswetenskappe word telkens vanuit 'n teologiese perspektief geëvalueer. 'n Baie waardevolle bydrae is byvoorbeeld die deeglike teologiese evaluering van die ontwikkelingsteorieë (122 ev). Derdens is dit goeie praktiese teologie omdat die skrywers 'n daadwerklike poging aanwend om uiteindelik 'n nuwe model voor te stel, waarvolgens kerk en samelewing die gesin as kerneenheid kan bevorder.

Van die hoogtepunte in die boek is die uitstekende beskrywing van die twee "krisis"-fasies: adolessensie en die middeljare. Daar is ook 'n deeglike teologiese beoordeling van die man-vrou rolverwagting en rolbesetting binne die huwelik. Die skrywers is baie bedag daarop om nie maar net tradisionele patrone ten opsigte van die rolverdeling tussen man en vrou in die huwelik, as Bybels te sanksioneer nie. So is daar ook 'n ewewigtige, nie-moralistiese, evangeliese benadering van netelige kwessies soos voorhuwelikse seks, masturbasie en homoseksualisme. Hulle uiteensetting van die moderne samelewing is vars en inderdaad self modern. Rondom vier begrippe *dominance of commodities*, *disintegration of community*, *complexity of communication* en *fragmentation of consciousness*, word die wesenstrekke van die huidige maatskappy beskryf. Die groot vraag wat dan natuurlik beantwoord moet word, is hoe die huweliks- en gesinslewe binne hierdie maatskappy tog gehandhaaf en selfs bevorder kan word? Die skrywers lê 'n model voor wat wel meriete het, maar na my mening oor die algemeen te teoreties en idealisties is. Nietemin is dit die moeite werd om dit deeglik te oorweeg.

Ten slotte moet nog bygevoeg word dat die skrywers die sisteemteorie as wegspringplek aanvaar en daarom die huweliks- en gesinslewe soos dit binne die gemeenskap funksioneer, as 'n eenheid benader. Hierdie benadering strook natuurlik ook met die Bybelse verbondsbenadering. 'n Boek met so 'n holistiese benadering op 'n teologiese boekrak, is 'n geweldige groot aanwinst. Want in die ander helpende professies is daar deesdae konsensus dat huweliksprobleme, ouer-kind probleme of watter ander gesinsprobleme ookal, nie langer geïsoleerd aangepak kan word nie. Dit is maar net manifestasies van probleme wat dieper in die sisteem gewortel lê. In die teologie het ons vanuit ons verbondsbeskouing en belydenis oor die gemeenskap van die heiliges, soveel te meer rede om probleme ook op hierdie manier aan te pak. Daarom moet 'n boek soos hierdie van harte verwelkom en aanbeveel word.

J C Müller

Vensters vir bejaardes, Instituut vir Reformatoriese Studies, PU vir CHO. Potchefstroom 1989, pp. 223. Prys R12.00

Hierdie is nommer 7 in die sogenaamde Venster-reeks van die IRS van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die boek is nie in die eerste plek 'n studie van bejaardheid nie, maar is bedoel om 'n hulpmiddel vir bejaardes self te wees. Prof Bennie van der Walt, die direkteur van die IRS het as redakteur opgetree en elkeen van die 35 hoofstukkies is deur 'n ander skrywer(s) behartig. Oor 'n baie wye spektrum word elke denkbare faset van die bejaarde se bestaan behandel. Sowel die probleme van, as die moontlikhede vir die bejaarde, word onder die loep geneem. Onderwerpe soos die voorbereiding vir aftrede, die verhouding tussen bejaardes en hulle kinders en kleinkinders, die oordeelkundige gebruik van medisyne, die korrekte voeding en versorging van die liggaam, vryetydsbesteding, die bejaarde se geloofslawe, die werklikheid van die dood, en nog vele meer, word aangesny.

Vir ons seniorburgers en mense wat voel hulle is besig om oud te word en besef dat hulle daarvoor moet beplan, is hierdie 'n baie nuttige boekie. Soos altyd wanneer so 'n groot verskeidenheid skrywers deelneem aan 'n publikasie, is nie alle bydraes op dieselfde standaard nie, maar oor die algemeen is dit heel lesenswaardig en sommige bydraes is selfs van goeie wetenskaplike gehalte. Die laaste hoofstuk is 'n baie nuttige versameling van inligting met adresse en telefoonnummers van instansies wat vir bejaardes van diens kan wees. En dan is daar ook nog 'n uitgebreide literatuurlys vir persone wat meer wil lees oor die onderwerp van bejaardheid.

Dit is jammer dat so 'n boek met lofwaardige inhoud nie meer aantreklik en lesersvriendelik aangebied word nie. Dit het 'n baie onaantreklike en oninteressante buiteblad en as mens die inhoudsopgawe ter hand neem, voel jy glad nie lus om die boek te lees nie, want dit is 'n opeenstapeling van woorde en letters sonder behoorlike spasiering. Die redakteur kon gerus die groot verskeidenheid bydraes onder groter eenhede en temas gerangskik het met 'n aantrekliker en duideliker bladuitleg.

J C Müller

B J van der Walt, *Om mens te wees. Gawe en Opgawe. Onderweg na 'n Christelike mensvisie vir Afrika*. Instituut vir Reformatoriese Studie (F3 no 50), Potchefstroom 1990, 89pp. Prys R8,00

'n Mens sou geneig wees om te vra of 'n Bybels-Christelike mensvisie nie as sodanig universeel geldig is sodat 'n toespitsing op Afrika eintlik oorbodig is nie. Is, met ander woorde, die mensvisie vir Europa ten diepste nie maar dieselfde as die mensvisie vir Afrika nie? In beginsel is dit natuurlik waar. Die boodskap van die Bybel is vir Europa nie anders as vir Afrika nie. Maar dan vergeet jy dat die mens altyd deel is van 'n bepaalde kultuuragtergrond en dat dié histories bepaald is, sodat die empiriese mens van 'n bepaalde streek nie sonder meer gelyk is aan die Bybelse mens van alle tye nie. Die skrywer van hierdie werk wil allereers 'n duidelike en heel eenvoudige beeld teken van die Bybel se boodskap aangaande die mens. Maar dan laat hy ook sien dat die mens in Afrika hom in besonder interesseer. Hy gee daarom 'n kort vergelyking tussen die tradisionele Afrika-kultuur en die Westerse kultuur en maak ook opmerkinge oor die verhouding tussen religie en samelewing.

Die kern van sy betoeg is egter dat die Bybel 'n heel besondere beeld van die mens teken en dié wil hy naspoor sodat dit vir elkeen verstaanbaar mag wees.

Vanuit die Bybel as bron van Gods openbaring werp hy dan die lig op die mens en religie, mens en God, mens en sonde, mens en kultuur, mens en geskiedenis, mens en medemens, mens en samelewing en mens en geslagtelikheid. Helder en duidelik, en soos ek reeds gesê het, behandel hy genoemde aspekte eenvoudig. Hy skrywe nie 'n antropologie vir geleerde mense nie, vergelyk die Bybelse waarhede ook nie met ander beskouinge nie, maar laat die Woord en die Woord alleen spreek. En dit doen die skrywer op 'n wyse wat die leser werklik aanspreek. Hy sluit af met 'n paragraaf oor: Onderweg na 'n Nuwe Afrika. Aan die pretensie van hierdie opskrif het hy ongelukkig nie voldoen nie. Hier meen ek moet hy veel meer en veel dieper gegaan het. Maar miskien is dit reeds op die tekenbord vir die volgende uitgawe! Intussen, terwyl ons daarop wag, kan met groot vrug en instemming van hierdie publikasie gebruik gemaak word. Nog steeds droom ek van die dag dat sulke stof ook vir ons kinders op skool aangebied sal kan word.

J A Heyns

B J van der Walt (red), *Venster op die Sakewêreld. Perspektiewe op bestuursetiek*, Instituut vir Reformatoriese Studie (F3 no 36), Potchefstroom 1990, 288pp. Prys nie vermeld nie.

'n Groot verskeidenheid aspekte van bestuursetiek word hier deur verskillende skrywers aan die orde gestel: opmerkinge oor die teorie en die praktyk van bestuursetiek, Skrifperspektiewe op bestuursetiek, norm — middel — doel oor 'n radikale ommekeer in die ekonomiese orde, etiek in besigheid, mens, samelewing, sakeonderneming, die sosiale verantwoordelikheid van die SA onderneming, die moreel-etiese verantwoordelikheid van die sakektor, selfbestuur, die arbeider is sy loon werd, is etiese bemaking moontlik?, tegnologie: inding of onding, ens. Te midde van die verskeidenheid is daar uiteraard 'n paar basiese beginsels wat eksplisiet in byna alle bydraes voorkom: geloof het betekenis ook in die sakelewe, die Bybel is die finale bron en maatstaf vir die handelinge van die mens ook wanneer hy in die sakelewe optree, die mens het 'n verantwoordelikheid om aan norme te gehoorsaam; ook die mens se bedryfshandelinge dra die stempel van sy geloofsoortuiging. Waardevolle opmerkinge word oor die tema wat handel word, gemaak. Uiteraard wissel dit van bydrae tot bydrae. Sommige is meer prakties en ander weer meer teoreties en beskoulik van aard. Nietemin lewer almal 'n belangrike bydrae.

Die aard van die opset van hierdie bundel het egter ook sy tekortkominge. Die kaleidoskopiese beeld bied nie 'n eenheidsvisie waarin die vak **Bestuursetiek** sistematies behandel en uiteengesit word nie. Daarom kan die bundel eerder as 'n bundel boustowwe gesien word waaruit die sistematisering nog gedoen moet word. Enkele individuele bydraes of opmerkinge vra ook vir nadere besinning: kan die **etiese** of die **morele** werklik as liefde tussen mense getipeer word? Daarmee word aan die etiese 'n normatiewe betekenis toegeken wat dit seker nie het nie. As die etiese die liefde tussen mense is, wat is dan die situasie of die verskynsel as twee mense mekaar nie liefhet nie? Verdwyn die etiese dan? So word ook die term **tegnologie** gebruik waar na my oordeel die term **tegnies** eerder die korrekte sou wees. Kan 'n mens sê: "Tegnologie is 'n instrument om die mens te help om dinge beter te doen. Dit verskaf aan ons gereedskap om take mee uit te voer"? Sou tegniek hier nie baie beter gepas het nie? Tegnologie is tog die logos oor die tegniek, d.w.s. die wetenskap aangaande die tegniek.

Hierdie bundel moet verwelkom word as aanduiding van hoe dringend **Bestuursetiek** in ons tyd geword het.

J A Heyns

J B Lightfoot en J R Harmer, *The Apostolic Fathers*, second edition edited and revised by M W Holmes, Apollos, Leicester/Baker Book House, Grand Rapids, Michigan 1990, 347pp. Prys £11.96

In hierdie uitgawe is die oorspronklike teks wat deur Macmillan in 1891 uitgegee is, hersien deur Holmes, professor in Bybelkunde en die Vroeë Christendom by Bethel College, St Paul, Minnesota. Waar hy van die vertaling van Lightfoot en Harmer afwyk op grond van 'n ander, nuwer en beter tekslesing, is die oorspronklike vertaling in 'n voetnota aangegee.

In 'n uitvoerige inleiding begin Holmes deur iets te sê oor die geskiedenis van die versameling van die geskrifte van die sg. Apostoliese Vaders en hy gee 'n baie waardevolle skets van die historiese omstandighede waarin hierdie dokumente ontstaan het. Hy vermeld ook die belang van die Apostoliese Vaders vir die studie van die vroeë kerk. Hy sluit die inleiding af met 'n uitvoerige bibliografie van die verskillende teksuitgawes, vertalings, geskiedenis van die vroeë kerk, die leer en verwante sake.

Aan elkeen van die geskrifte wat vertaal word, gaan 'n uitvoerige inleiding vooraf. Die omstandighede rondom die ontstaan, die outeur, ontstaanstyd en verskillende teksuitgawes en 'n bibliografie van die mees resente werke oor die geskrif word vooraf gegee. Die werke wat so behandel word, is 1 Clemens, 2 Clemens, die briewe van Ignatius, die brief van Policarpus, die martelaarskap van Policarpus, Didache, Barnabas, Herder van Hermas, die brief aan Diognetus en die fragmente van Papias.

Ten slotte is daar indekse van onderwerpe en outeurs en verwysings na Bybeltekste en ander literatuur asook twee kaarte, naamlik dié van Klein Asië en die verspreiding van die Christendom.

Uit 'n vergelyking met die ou teks, blyk dat die Lightfoot-Harmer teks getrou weergegee is maar net in die moderne idioom. Afwykings van die ou vertaling is in voetnotas vermeld en die verduidelikings daar is waardevol, want daar word deeglik rekening gehou met die beste moderne teksuitgawes en interpretasies. Ek hoop dat hierdie uitgawe van die Apostoliese Vaders wat van belang is vir die Nuwe Testamentikus en kerkhistorikus, deur vele gelees en bestudeer sal word.

C F A Borchardt

Die outeur, wat professor in Bybelse en sistematiese teologie is by die Trinity Evangelical Divinity School, het in hierdie werk die verhaal te boek gestel van hoe Christene in byna twintig eeue "have tried to understand, trust, and obey Jesus Christ". "**Heresies** is thus, formally speaking, the story of the church's quest, of many wrong turnings, deceptions, and disappointments, and perhaps — as we hope — of discovery as well" (xxiv). Gemeet aan hierdie doel, is die boek 'n baie interessante en uiteindelik geslaagde werk.

Die outeur begin met 'n definisie van die woord **kettery** en toon ook aan hoe die begrip met verloop van tyd 'n wysiging ondergaan het. Kettery in die vroeë kerk het die basis van die geloof aangeleg soos Marcion en die Gnostici. In die Middeleeue het die kerk 'n beweging soos die Waldense as ketters gebrandmerk, terwyl ons vandag in sekere opsigte aan hulle kant sal staan teenoor die kerk van destyds. Die Protestantse hervorming het nuwe inhoud aan die woord verleen, want vanuit Rome se kant gesien is Luther en die ander hervormers "**ketters**".

Al die Trinitariese en Christologiese standpunte in die vroeë kerk wat kulmineer in die uitsprake te Chalcedon word uitvoerig bespreek en maak 'n groot deel van die boek uit (byna 200 bladsye). Die besluite van Chalcedon is vir die outeur normatief en hy kan aan die einde van sy boek (436, 449) daarop wys dat Karl Barth die laaste teoloog van betekenis is wat dit kragtig bevestig het.

Die ketterye ná Chalcedon word ook behandel, naamlik Pelagius, die beeldestryd, filioque, nagmaalstryd, predestinasie, en dan kom die skrywer tot die gevolgtrekking dat die kerk in die Middeleeue onder invloed van die Germaanse denke 'n verskuiwing ondergaan het en dat Luther geïnteresseerd was teen die leringe van Germaanse teoloë van die Middeleeue wat die kerk in die Weste binnegesluit het (237). Die skolastiek, middeleeuse dualistiese beskouinge, Waldense, nuwe kloosterordes, Begarde en Begyne, Duitse mistiek en Tempeliere kom almal aan die beurt.

By die behandeling van die **Hervorming** stel die outeur dit dat die ketters tot die dertiende eeu bepaalde elemente van die Christelike geloof oorbeklemtoon of weggelaat het en dat die kerk te midde van foute, tog by die middelpunt gebly het. Met die definiering van die transsubstansiasieleer, die absolutistiese aansprake van die pousdom en die daarstelling van die inkwisisie was dit egter die kerk wat van die middelpunt af wegbeveeg het. Daarom was die hervormers se aansprake dat hulle wesenlike elemente van die evangelie herwin het, geregtig (297). Kortliks verwys die skrywer na Hus en Wiclif en mens sou meer oor Wiclif wou gehoor het. Daar word net in een paragraaf na hom verwys. Al die hervormers se bydraes word agtereenvolgens behandel. Daarna staan die skrywer stil by die ortodoksie, piëtisme, Verligting, liberalisme en die optimisme van die mense wat vernietig is deur die Eerste Wêreldoorlog en die herstel van die fundamentele leerstelling van die ortodokse Christendom deur Barth en Brunner. Bultmann, Robinson en Teilhard de Chardin kom ten slotte aan die orde.

Die boek bied 'n baie goeie voëlvlug deur die dogmageskiedenis. Brown bied 'n betroubare gids en kan lyne van ontwikkeling suiwer aandui. Daar is min setfoute. 'n Paar hinderlike foute in sy andersins goeie en nuttige bibliografieë is: Klijn (22), Sevenster (23), Lebreton (157), Frend (208) en dan kon die boek van G Bardy, *Recherches sur saint Lucien d' Antioche et son école*, Paris, 1936 op bladsy 143 ingevoeg gewees het.

In die geheel gesien 'n nuttige boek om op die rak te hê as mens gou iets wil naslaan. Dit word hartlik aanbeveel.

C F A Borchardt

Verskeie uitgawes van die dagboek van die Voortrekkerpredikant Erasmus Smit, het reeds die lig gesien. Die eerste daarvan verskyn in 1896 en dit is deur ds H F Schoon geredigeer. In 1920 verskyn 'n volgende uitgawe wat deur Gustav Preller in 'n vereenvoudigde spelling geredigeer en van aantekeninge voorsien is. In 1972 verskyn 'n Engelse vertaling van W G A Mears van die onderhawige dagboek. Die uitgawe hier onder bespreking is 'n herdruk van die Gustav Preller-uitgawe van 1920, maar dit is ook aangevul met 'n inleiding en verdere aantekeninge deur Merwe Scholtz. Hierdie uitgawe is in die 1988 herdenkingsjaar van die Groot Trek, 'n huldeblyk van die uitgewer aan hierdie historiese gebeure.

Die publikasie val basies in vyf onderdele uiteen. In 'n eerste deel word spesifiek gefokus op Erasmus Smit se lewe. Merwe Scholtz maak in hierdie oorsig ruimskoots gebruik van die proefskrif van P S de Jongh naamlik **Die lewe van Erasmus Smit** (HAUM 1977). In 'n tweede deel bespreek Scholtz die dagboek en sy styl en die mate waarin die dagboek biografiese lig werp op Erasmus Smit. In 'n derde onderdeel word die inleiding van Preller tot die dagboek self gereproduseer en in 'n vierde deel word die teks van die dagboek self aangebied. In die laaste onderdeel word die aantekeninge van Preller by die dagboek aangevul deur aantekeninge van die kant van Merwe Scholtz.

Dat daar wel 'n bepaalde bydrae gelewer word met die publikasie hier ter sprake, hoef nie betwyfel te word nie, alhoewel enkele punte van kritiek ook geopper kan word. Die belangrikste bydrae is waarskynlik daarin geleë dat dit die dagboek van Erasmus Smit (wat die periode van November 1836 tot Januarie 1839 dek) opnuut toeganklik en leesbaar maak, en dat 'n mate van nuwe lig op die komplekse persoon van Smit en sy konteks gewerp word.

Juis egter wanneer dit gaan oor die toeganklik- en leesbaar maak van Smit se dagboek is dit tog jammer dat die dagboek nie in Afrikaans vertaal is nie. Dit sou hierdie teks nog vir sovele meer lesers asook vir 'n jonger geslag gemaklik leesbaar gemaak het, en vir so 'n taak was Merwe Scholtz eintlik die ideale persoon. Vervolgens moet gestel word dat hierdie uitgawe nie berus op 'n oorspronklike studie van argivale bronne of dat dit 'n nuwe interpretasie van die beskikbare feite omvat nie. Dis moontlik juis hierdie feit wat die grootste leemte in hierdie publikasie verteenwoordig. Veral ook die begeleidende aantekeninge by die teks van die dagboek kon nog heelwat uitgebrei word en so kon 'n meer wesenlike nuwe bydrae gelewer word.

Die redigeerder en uitgewer van hierdie nuwe uitgawe van die Smit-dagboek moet nietemin geluk gewens word met hierdie keurig versorgde publikasie. Dit sal beide vir die geïnteresseerde in die kerkgeskiedenis en in die algemene geskiedenis van Suid-Afrika waardevolle leesstof wees en as 'n rigtingwyser dien vir verdere studie en navorsing.

J W Hofmeyr

Jack Finegan, *Myth and Mystery. An introduction to the Pagan Religions of the Biblical World.* Baker Book House, Grand Rapids 1989, 335pp. Prys nie vermeld nie.

Om die Bybel behoorlik te verstaan — sê die skrywer — is nie net 'n kennis van die Bybelse tale, kronologie en argeologie nodig nie, maar ook 'n diepgaande kennis van die ander godsdienste, die sg. **heidense godsdienste** van die tyd. Sowel die Ou as Nuwe Testament het nie in 'n religieuse lugleegte ontstaan nie, maar in 'n tyd toe talle godsdienstige oortuigings, mites en handelinge die rondte gedoen het.

Die skrywer, emeritus-professor in Nuwe Testamentiese geskiedenis en argeologie aan die **Pacific School of Religion and Graduate Theological Union** het al heelwat oor die argeologie van die Bybel gepubliseer. In hierdie boek vra hy aandag vir die **nege**

godsdienstige sisteme wat lesers van die Ou en Nuwe Testament onder die loep behoort te neem: die ou godsdienste van Mesopotamië en Egipte, die Zoroastrisme, die Kanaanitiese godsdienste, die Griekse en Romeinse godsdienste, die Gnostisisme, sowel as die godsdienste van die Mandeërs en die Manicheërs.

Jack Finegan het 'n magdom gegewens versamel. Van elk van die nege godsdienste word, met behulp van veral die primêre bronne, die godsdienstige oortuigings, die mites, die geskrifte en praxis, sowel as die geskiedenis behandel. Wat die boek veral leeserswaardig maak is die verwysing, by elke godsdienst, na die raakvlakke met die Ou of Nuwe Testament, selfs ook met die geskrifte van die kerkvaders gedurende die eerste eeue van die geskiedenis van die kerk.

Ek kan my voorstel dat die boek van Finegan in die jare wat kom as 'n standaardwerk beskou sal word. Dis 'n deeglik nagevorsde werk wat vir studente van die Ou en Nuwe Testament, sowel as van Godswetenskap, baie sal kan beteken. 'n Uitgebreide indeks, bronneverwysings by elke hoofstuk, kaarte en gepaste fotos verhoog die waarde van die boek nog meer.

P G J Meiring

D F Wells, *Turning to God, Biblical conversion in the modern world*, Baker Book House, Grand Rapids 1989, 160pp.

Die sentrale Bybelse boodskap van bekering word vandag verskillend verstaan en ook ernstig gedevalueer. Dit is tot groot skade vir die kerk en dit verlam sy prediking. Daarom is 'n boek oor bekering te verwelkom. Vir my was dit 'n aangename verrassing om met die inhoud van hierdie boek kennis te maak. In plaas van die gebruikelike oppervlakkigheid, word heelwat Bybelse gesigspunte oor bekering in hierdie werk oopgevou.

Die skrywer toon eers 'n hele wêreld van gedagtes oor bekering soos dit na vore kom by die ekumeniese, nie-evangeliese verstaan van bekering. Hier onderskei hy twee groot hoofstrome, naamlik:

Die standpunt van die **Social Gospel** en
Die standpunt van **wêreldgodsdienste**.

Die ontstaan en siening van hierdie bewegings word op verantwoordelike en deeglike wyse aangetoon, en dan ook uitgewys waarin die gevare daarvan geleë is.

Mens sou verwag dat die skrywer nou die teenoorgestelde bedreiging van die Bybelse siening van bekering, naamlik by die sogenaamde *evangelicals* en geesdrywers sou aantoon en dat uitgewys sou word waarin hulle eensydigheid en dus gevaar vir die kerk geleë is. Dit ontbreek egter.

Die skrywer gaan nou daartoe oor om 'n breedopgesette behandeling van die Bybelse siening van bekering te skets. Sy uitgangspunt is dat bekering bonatuurlik en uniek is. Hy is oorsigtelik in sy hantering van die belangrikste Bybelse gegewens oor bekering.

'n Belangrike onderskeiding word aangetoon in sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament, naamlik die bekering van *insiders* en die bekering van *outsiders*. Die groot onderskeid word teruggevoer tot die kennis van God en die binding aan Hom deur die verbond by die *insiders*.

Die skrywer het 'n redelike ruimheid in sy siening van bekering en wil nie alles terugvoer na dieselfde model of patroon nie. Hy lê dan ook klem op verskillende maniere waarop mense in die Bybel tot geloof kom.

Verder trek hy die gedagte van bekering verder deur na die lewe van die bekeerdes en na die verband tussen bekering en die kerk. Hy luister ook na verskillende stemme in die kerk oor bekering.

Die bereidheid van die skrywer om te luister na die belangrikste getuienis van die Skrif oor bekering moet waardeer word, asook sy gebalanseerde en versigtige afleidings uit

die Skrifgegewens. Ek sou graag wou sien dat hy eksegeties en hermeneuties die nuutste gegewens van die Bybelwetenskap meer sou verdiskonteer en die konteks van die verskillende Skrifgedeeltes sterker in berekening sou bring.

Die boek lees maklik, is goed geskryf en beklemtoon tog 'n belangrike stuk Skrifwaarheid en help die prediker en lidmate om 'n beter en meer verantwoorde opvatting van die Bybelse siening van bekering te kry. Hy kon die dinamiese aard van bekering en dat dit nie slegs leerstukke is nie, maar die daadwerklike navolging van 'n Persoon, baie sterker uitgebou het.

A C Barnard

Robert L Reymond, *Preach the Word! A teaching ministry approved unto God*, Rutherford House Books, Edinburgh 1988, 89 pp. Prys £4-95

Met die eerste oogopslag is dit duidelik dat die boek met 'n dogmatiese blik benader is. Daarmee is opsigself natuurlik nie fout te vind nie. Die vraag is net hoe dit gedoen is.

Prof Reymond se homiletiese benadering word deur vier grondlyne bepaal: die behoefte aan 'n Skrifbegronde teologie; die behoefte aan 'n rasionele teologie, die behoefte aan 'n God-gesentreerde teologie en die behoefte aan 'n teologies-geartikuleerde bediening. Mens ontkom nie aan die indruk dat Reymond sterk op die letterlikheid van die Skrif steun nie. Hy maak te min van die literêre aard van die Skrif. Om te beweer dat die ewige God 'n paar van sy waarhede met ons deel, is sonder twyfel 'n verskraling van die openbaring. Reymond skryf betekenisvol oor die gevaar dat die mens God se openbaring in 'n rasionele greep kan vasvang. Sy opmerkings oor 'n God-gesentreerde teologie is lesenswaardig — veral sy evaluering van Clark Pinnock se Arminiaans getinte opvatting. Oor die behoefte (nood) aan 'n teologies-geartikuleerde bediening kan daar nie verskil van mening wees nie.

Prof Reymond se boek open insiggewende perspektiewe, hoewel daar nie met alles saamgestem hoef te word nie. Die boek is eerder bedoel oor die homiletiek as vir die homiletiek.

C J A Vos

Al Fasol, *Essentials for biblical preaching. An introduction to basic sermon preparation*, Baker Book House, Michigan 1989, 174 pp.

Die homiletiese akker lewer die afgelope tyd ryk oeste op. Alle oeste behaal egter nie dieselfde prys nie. Die rede hiervoor is dat die oesgehalte aansienlik verskil. Die boek van Al Fasol maak met reg aanspraak op 'n billike prys. Dit is bedoel as 'n inleiding in die proses van preekmaak. In die boek word die basiese begrippe in die homiletiek verduidelik en werkbaar gemaak.

Die werk is nie méér as 'n inleiding nie. Daar kom ook enkele ooglopende gebreke voor. 'n Effens bolangse prakties-teologiese preekteorie is opvallend. Fasol aanvaar die gesag van die Bybel (21-22), maar bly in gebreke om die aard van die gesag te verduidelik. Die indruk dat fundamentalistiese trekke in sy benadering voorkom, staan vas. Hoewel Fasol enkele oomblikke aan die literêre genre van tekste wy, is dit net té min en té oppervlakkig (52-55). Daar word wel sinvolle opmerkings oor vorm (61 e v) en styl (71 e v) gemaak.

Die boek bevat nuttige insigte vir diegene wat pas met preekmaak begin. Eintlik is alle predikers beginners! Méér as dit bied die boek nie. Daarom kan dit nie so 'n goeie prys behaal as dié van Thomas Long en Fred Craddock nie.

C J A Vos

Die artikels in hierdie boek was aanvanklik aangebied as referate by 'n seminaar met dieselfde tema wat deur die CB POWEL Bybelsentrum, UNISA aangebied is. Die meeste van die medewerkers (7 van die 11) is dan ook verbonde aan een van die departemente van UNISA.

In die samestelling van die boek en in die opeenvolging van die artikels kan 'n duidelike logiese lyn bespeur word. Eers word die Ou Testamentiese en daarna die Nuwe Testamentiese perspektief gegee (artikels van PJ van Dyk en GA van den Heever). Dan word stres in 'n dogmaties-etiese konteks geplaas (eers 'n artikel van die sistematiese teoloog, E van Niekerk en dan plaas MH Keane die saak binne die raam van die arbeidsetiek). Vervolgens word spesifieke stressors aan die orde gestel: Siekte, lyding en dood, deur CET Kourie; dood en die gesin, deur SB Henen; politieke en oorlogstres deur N Horn en AH Potgieter onderskeidelik. In die laaste drie artikels word die saak eers uit 'n kliniese hoek bekyk (**Stress and immunity** deur SI du Toit), dan uit 'n hoek van die breëre Suid-Afrikaanse gemeenskap (**Understanding societal stress and coping behaviour in the South African context** deur WJ Jordaan), en uiteindelik uit die hoek van die gesin (**Family stress in the eighties: being separate together** deur JT de Jongh van Arkel).

Die titel van die boek is ietwat misleidend. **The Bible and stress** skep die indruk dat jy hier 'n beweging van die Bybel na die situasie (stres) gaan aantref. Die verwagting wat ek gehad het toe ek die boek opneem was dat die Bybelwetenskappe primêr aan die woord sal wees en dat informasie verskaf sal word oor watter boodskap ons in die Bybel in verband met stres vind. Maar dan ontdek jy in die boek 'n veel ruimer en omvattender aanpak. Daar is nie net bydraes van teoloë nie, maar ook van sielkundiges.

En die onderwerp van stres word vanuit 'n verskeidenheid hoeke bekyk — ook van ongewone hoeke. Juis hierdie omvattende perspektief maak die publikasie so geslaagd. En wat veral in die guns van die redakteur en beplanners van die boek aangemerkt moet word, is die aktualiteit van die hulle benadering. Die huidige situasie van die Suid-Afrikaanse samelewing word deeglik in oënskou geneem. Daar word gepoog om stres ook binne die wyer konteks van die samelewing soos dit tans ervaar word, te verklaar. Daarom sou 'n beter titel dalk kon wees: "A Christian perspective on stress in South Africa". En laastens 'n puntjie van kritiek wat aansluit by my waardering vir die wyer samelewingsperspektief wat in die bundel aangetref word: 'n Vakkundige uit die sosiologie en maatskaplike werk sou 'n baie sinvolle bydrae kon lewer en sou die aktualiteit van die boek nog verder kon verhoog.

J C Müller

Dit is opvallend dat die afgelope jaar gekenmerk word deur die verskyning van al meer preekbundels en preekhulpe in Afrikaans. Daar was 'n tyd — ongeveer sedert die sestigjare — dat preekbundels met 'n sekere afkeur bejeën is. Die klem is gelê op selfstandige eksegetiese deur die prediker, sonder die invloed van andere se kreatiewe pogings. Die siening het intussen verander. Preekbundels en veral preekhulpe is bedoel om juis die kreatiwiteit van die prediker te stimuleer, indien dit op die bedoelde wyse gebruik word. Daarom word die preekhulpreeks onder redaksie van Vos en Müller besonderlik verwelkom as aanvulling by die nou reeds gevestigde reeks uit die Suide onder redaksie van C W Burger, B A Müller en D J Smit.

Die redakteurs moet dus gelukkigwens word met die verskyning van hierdie tweede boek in hul reeks **God, mens en wêreld**. Die feit dat die tweede boek so gou na die eerste verskyn, hou die belofte in dat hierdie aktuele preekhulp met gereelde reëlmaat die lig sal sien — en op die agterflap van die boek word 'n mens se nuuskierigheid geprikkel met die temas van toekomstige uitgawes: Mens en omgewing; jeug en liefde; volwassenheid en verantwoordelikheid; ouderdom en dood — om maar enkeles te noem. Hierdie uitgawe handel, net soos die eerste een (**Geboorte en kindwees**), oor 'n uiters aktuele tema.

Die boek is in twee hoofdele ingedeel: die eerste gee **perspektiewe op lyding** en die tweede bied **preekontwerpe** aan onder twee afdelings, temapreke en troospreke. Die inhoud van die boek lyk soos volg:

'n Teologiese perspektief, deur Cornel du Toit
'n Mediese perspektief, deur Wilhelm Bodemer
'n Psigologiese perspektief, deur Wilhelm Jordaan
'n Maatskaplike perspektief, deur Etienne Hugo
My kind sterf, deur Hennie Symington

Onder temapreke is daar die volgende:

God het 'n antwoord vir Job in sy lyding: die betekenis van Job 38:1-38, deur Louis Bezuidenhou
Eensaamheid in lyding, deur Jurie le Roux
Innerlike stryd en lyding, deur Jimmie Loader
Bevryding en lyding, deur Ferdinand Deist
Hoop in lyding, deur Cas Vos
Lydung en hoop in 1 Petrus, deur Jan van der Watt
Lydung volgens Lukas, deur Eben Scheffler

Onder troospreke is daar die volgende:

My enigste troos (Heidelbergse Kategismus Sondag 1), deur Julian Müller
Die dood van 'n ouer, deur Kotie de Jager
Die duisternis van selfmoord, deur Louis Heyns
Wanneer 'n soldaat nie terugkeer nie, deur Rassie van Niekerk
Dood na 'n ongeluk, deur Stephan Joubert
Dood van 'n kankerpatiënt, deur Pieter Rossouw
Dood na 'n hartaanval, deur Herman Breytenbach.

Die feit dat die perspektiewe van ander dissiplines in die boek ingesluit is, verryk natuurlik die waarde daarvan vir die prediker geweldig. Dit stel hom in staat om die werklikheid van lyding breër en dieper te sien — dit konfronteer hom met die harde werklikheid van hierdie menslike ervaring. Hoe meer ons daarvan verstaan, hoe beter sal ons vanuit die Woord tot hierdie mense kan spreek. Dit is jammer dat daar nie ook 'n pastorale perspektief

aangebied is nie. Cornel du Toit raak net daaraan (8) en Pieter Rossouw het gelukkig in sy preekontwerp eers hierby stilgestaan (165). Hoewel die pastorale aanvoeling in elke preekontwerp teenwoordig is — die skrywers is almal mense wat in die praktyk met mense wat ly te doen het — sou dit tog die noodsaak van pastorale insig, wanneer 'n mens oor lyding preek, skerp na vore gebring het.

Al die preekontwerpe getuig van deurdrenktheid met die moderne verstaan van die Bybel asook insig in die huidige teologiese vrae, wat oor die aspekte van lyding in ons tyd aan die orde is. Die boek verskaf 'n magdom van inligting — eksegeties, teologies-eties, homileties en liturgies. Die poëtiese inslag wat in enkele van die preekontwerpe voorkom (Louis Bezuidenhout, Cas Vos, Julian Müller) is 'n bate wanneer dit oor haas onverwoordbare ervarings soos lyding gaan. Die beste pluimpie wat 'n mens egter vir die bundel kan gee, is dat die preekontwerpe wêrelik kan lei tot egte preke in die praktyk, sonder om die leser se eie kreatiwiteit te inhibeer.

Hierdie bundel is so aktueel soos markdag se brood wat pas uit die oond kom. Dit bruis van lewe — dié lewe wat 'n aktuele verstaan van die Skrif in ons konkrete situasie verskaf. Mag die volgende uitgawe spoedig daag, terwyl hierdie een werklik deur elke prediker gebruik kan word.

H J C Pieterse

Cas Vos & Julian Müller, *Geboorte en kindwees*, Orion, Pretoria 1989, 121pp. Prys R25,50

1. Die reeks **God, mens en wêreld**

Die publikasie **Geboorte en kindwees** is die eerste van 'n reeks getiteld **God, mens en wêreld** waarin temas soos jeug en liefde, God en jou huwelik, volwassenheid en verantwoordelikheid, God in ons lyding, ouderdom en dood, mens en omgewing en menseregte aan die orde gestel sal word. Die bedoeling van die reeks is om preekhulp te voorsien oor die werklike vrae van die dag, omdat preke dikwels mank gaan aan aktualiteit. Die publikasie bevat daarom nie 'n reeks preke nie, maar hulp aan predikers oor aktuele onderwerpe, hermeneutiese verkenning van tersaaklike Skrifgedeeltes, die bespreek van teologiese, etiese en verwante problematiek tesame met riglyne vir 'n preekontwerp en die liturgie. Die bronnelyste is nuttig vir diegene wat meer oor die betrokke onderwerp wil lees.

2. **Geboorte en kindwees**

In die eerste publikasie in genoemde reeks word tien preekontwerpe aangebied tesame met ses kort artikels oor aktuele onderwerpe wat in die preekontwerpe aangesny is of in preke aangesny behoort te word. Alle preekontwerpe en artikels hou verband met geboorte en kindwees en sake soos proefbuisbabas, kunsmatige bevrugting, gesinsverhoudinge, prestasiedrang en prestasiedruk, gesagsverwerping, volwassewording, ongewenste kinders en buitehuwelikse swangerskappe word bespreek. Aan aktualiteit ontbreek dit beslis nie.

3. *Beoordeling*

Die skrywers huiwer nie om diep te delf en die resultate van teologiese navorsing deur te gee nie. Die tekskeuses is op 'n enkele uitsondering na relevant en sluit goed aan by die onderwerp wat behandel word. Soms is die eksegese so verrassend nuut dat 'n mens nie die geleentheid kan afwag om daaroor te preek nie. Die skrywers laat ook blyk dat hul

wyd gelees het oor die onderwerpe en gee oor die algemeen genoegsame stof aan die hand waarvan 'n prediker 'n aktuele preek kan maak. Die styl van die skrywers is helder en in sekere gevalle meevoerend. Genoegsame logiese onderafdelings vergemaklik die gebruik van die publikasies.

Dit sou na my oordeel baie gehelp het as die redakteurs die skrywers van preekontwerpe versoek het om in 'n eerste paragraaf aan te dui watter vraagstukke en temas in hul preekontwerpe bespreek word. Dit kos soms ver lees voordat die "werklike vrae van die dag", wat volgens die redakteurs aangespreek moet word, op die oppervlakte verskyn. Hier en daar bly die aktuele vrae ongelukkig onder die water en is slegs dowwe buitelyne sigbaar.

Deur die skrywers in hierdie reeks te dwing om die tersaaklike vrae en temas aan die begin te noem, mag 'n navolgenswaardige voorbeeld aan die predikers gestel word. In sy rubriek **Potjiekos** kla Johan van Wyk (Beeld 21-10-89) dat predikers en ander toespraakmakers die onthulling en groot nuus vir laaste bère, 'n tydstop waarop die meeste luisteraars al vas aan die slaap is. Predikante kan by joernaliste gaan leer om meer aandag aan die inleiding te gee en so meer "skop" in hulle preke te sit!

Dit is jammer dat die hooftema naamlik die jeug in sommige artikels nie skerper onder die soeklig geplaas word nie en dat te veel veronderstel of vanselfsprekend aanvaar word.

4. Slotsom

Die redakteurs het 'n groot aar oopgebor en voorsien in 'n groot behoefte. Aktuele stof word op so 'n wyse aangebied dat dit preekmakers help sonder om hul eie kreatiwiteit prys te gee. Na my oordeel is dit 'n vonk wat elke skeppende prediker sal inspireer. Hierdie publikasie is 'n moet vir elkeen wat krities dink en vir wie preekmaak 'n uitdaging is.

L M Heyns

S D Snyman, *Hy het opgestaan . . . Preke oor die opstanding van Jesus Christus*, Lux Verbi, Kaapstad 1989, 55 pp. Prys R9.75

Dit het alledaags geword om preekbundels op die teologiese mark raak te loop. Daar is dié van Jonker en Theron, Jüngel en nou dié een van Snyman. Die preekbundel van prof Snyman handel oor 'n sentrale tema: paasprediking. Die preke is van 'n hoë teologiese gehalte. Eenvoud, vlotheid en duidelikheid is die uitstaande kenmerke van die bundel.

Ten opsigte van die preekvorm is 'n sekere patroon opmerklik. 'n Paar punte met 'n ten slotte (7-10, 15-18, 30-33). Die uitdaging aan die prediker is om verskillende preekvorme te verwissel in diens van die kommunikasie van die evangelie. Wanneer die preek uit Op 1:4-20 van nader bekyk word (47-51), verloop die preek 'n bietjie té voorspelbaar. Die vraag: Hoe lyk die kerk?, word te gou beantwoord. Die konkretisering oor die kerk in die verdrukking is te algemeen en nie pakkend genoeg nie. Die gedeelte oor die kerk in die koninkryk en Jesus Christus se teenwoordigheid in sy kerk voldoen aan al die homiletiese vereistes. Die opstandingsboodskap word duidelik en met krag verkondig. Na my mening kort die slot 'n sterker appél. 'n Blote samevatting is hier nie genoeg nie.

Wanneer preke as 'n skildery voorgestel word, is die komposisie van die preekbundel goed, maar daar kort hier en daar 'n bietjie meer kleur. Met oortuiging kan gesê word dat talle van die preke die prediker tot preekmaak sal inspireer. Die bundel word van harte aanbeveel.

C J A Vos

In die vorm van gebede vir tienermeisies word 45 tipiese tienerprobleme aangesny. Enigeen wat al met tieners gewerk het sal weet dat onderwerpe soos "Voor die spieël", "Mislukkings", "Eksamenvrees", "Sakgeld", "Ek is verlief", "Huiswerk" en "Gebed" in die kol is. Daar is ongetwyfeld 'n groot behoefte aan 'n boek soos hierdie wat nie oor die tiener praat nie, maar in haar eie leefwêreld inbeweeg en haar eie taal praat. Die skrywer slaag uitstekend daarin om haar in te leef in die gevoelswêreld van 'n tienermeisie. En die keuse vir 'n gebedstyl is myns insiens baie geslaagd. Daardeur kon die skrywer sensitiwede onderwerpe op 'n baie sagte en gevoelvolle wyse hanteer. In 'n gebed is dit immers nie nodig om 'n saak logies uit te redeneer nie, dit kan bloot uitgespreek word. Die grootste behoefte van die tiener is waarskynlik nie om die tipiese onderwerpe van die tienerlewe te verstaan nie, maar om dit te verwoord en sodoende groter selfinsig te verkry. In dié proses sal die boekie 'n groot hulp wees. Waaraan 'n tiener behoefte het, is nie soseer 'n verduideliking dat adolessente dikwels kontrasterende gevoelens het nie, maar eerder om gehelp te word om al haar gevoelens, al is dit ook hoe uiteenlopend, na haar Hemelse Vader te bring. Daartoe word sy in die boekie gelei deur byvoorbeeld die een dag te bid:

"Hemelse Vader, ek is so opgewonde oor my nuwe klere — die swart langbroek en streepbloes wat ek lankal so graag wou hê.
Dankie dat ek mooi lyk daarin . . .",

en net die volgende dag weer:

"Here, partykeer as ek in die spieël kyk
is ek vir myself so lelik —"

Ouers wat 'n tienerdogter het, moet beslis hierdie boekie aanskaf, dit self eers deurlees en dan vir die dogter gee, wat dit sekerlik onmiddellik van voor tot agter sal deurlees. Nina Smit moet gelukkigens word met, en bedank word vir hierdie sinvolle bydrae op die gebied van tienerliteratuur.

J C Muller

W Jonker & F Theron, *Vreemde Bevryding*, Lux Verbi, Kaapstad 1989, 128 pp. Prys R11,85

Uit die penne van die Stellenboschse sistematici, professore Willie Jonker en Flip Theron het in opvolging van **Vreemde gemeenskap** (NGKB) en **Vreemde geregtigheid** (NGKU) — beide tans uit druk — nou **Vreemde bevryding** verskyn. In hierdie boekie van 128 bladsye, word ons 17 preke — 7 van Jonker en 10 van Theron — aangebied.

Die tema van hierdie bundel dek na my mening die lading van uiters 9 van die 17 preke — die 7 preke van Jonker, die eerste van Theron asook, indien die enkele gedagtes oor bevryding uitgespreek op bladsy 114 in die preek **Dit is volbring** in ag geneem word, sy agste preek. In die oorblywende preke van Theron word oor geloof, die betekenis van hemelvaart en pinkster, aanstoot aan Christus en die evangelie, die bediening as 'n bediening van versoening, Gods voorsienigheid, die nabyheid van Christus en 'n lewens-ingesteldheid van insiklikheid en onbesorgdheid, die dood asook hoop, besin.

Dit is duidelik dat Theron die karakter van die preke as preke by spesifieke geleenthede gelewer, wou behou. Ek kan my ook voorstel dat daar beweer kan word dat bogenoemde temas wel onder **vreemde bevryding** tuis gebring kan word — dat hulle, met ander woorde, vanuit hierdie gesigspunt benader kan word. Ek sou, met sekere voorbe-

houde, met so 'n mening kon saamstem. Soos die temas egter nou in die betrokke preke uitgewerk en aangebied word, is die verband met en die bydrae wat hulle maak tot die leidende gedagte soos in die titel van die bundel aangegee, nie duidelik nie. Altans nie vir my nie.

Hoewel ek bogenoemde toedrag van sake betreur omdat dit steurend inwerk op die lees van die boek as geheel, wil ek daarmee die waarde van dit wat ons in hierdie oorblywende 8 preke van Theron gebied word, nie ontken nie. Die ontwikkeling en inkleeding van die temas in die preke behandel, is prikkelend en stimuleer beslis tot nadenke. Hier sou ek veral twee preke wou noem: 'n **Groot geloof en God voorsien**. Die behandeling van geloof en voorsienigheid — twee temas waarvan elkeen wat hul daarmee besig hou, weet dat hul besaai is met probleme — is na my mening besonder goed. Theron bied in die preke vir die nie-teologies geskooldes 'n kyk en vat aan die sake wat vir hulle sekerlik verrykend kan wees.

Die kern van dit wat in hierdie bundel met **bevryding**, en dan ook **vreemde bevryding**, bedoel word, word, soos ek dit lees, in die vierde preek van Willie Jonker, **Jesus beteken vryheid**, en in die eerste van Flip Theron, **Die Seun maak vry**, aangetref. Beide preke fokus grootliks op Johannes 8:36.

Ek moet erken dat indien daar enige rede of motief was vir die plasing van die preke in die spesifieke volgorde waarin hulle in die bundel verskyn, dit vir my, met die lees van die preke, nie duidelik geword het nie. Ek sou, indien ek hierdie bundel moes saamstel, die vierde preek van Jonker eerste geplaas het. Die leser sou dan reg aan die begin met dit wat as **vreemde bevryding** aan hom of haar voorgehou word, kennis gemaak het en so met hierdie basiese insig verder ingelei kon word in die verskillende fasette van hierdie besondere werklikheid soos aangesny in die oorblywende preke.

Vir die persoon wat **bevryding** aan die hand van hierdie bundel preke sou wou bestudeer, sal ek aanraai om dus eerstens die vierde van Jonker, **Jesus beteken vryheid** (bladsye 27-32), en dan die eerste van Theron, **Die Seun maak vry** (bladsye 57-64), te lees. Daarna sou ek voorstel dat hy of sy **Wie is Jesus vir ons?** (bladsye 13-19), gevolg deur **Nie meer slawe nie, maar kinders** (bladsye 40-47), **Vry van die wet** (bladsye 33-39), **Bevryding tot die vreugde** (bladsye 20-26), **Jesus bevry ons deur sy ang** (bladsye 7-12) en **Vryheid wat by die heerlikheid pas** (bladsye 48-54), sal lees.

Ek kan hierdie bundel vir die inhoud van die verskillende preke van harte aanbeveel. Die preke, saam met die ander 8 van Theron, kan met vrug gebruik word vir besprekings en Bybelstudie asook preekmaak (soos op die agterblad staan). Ek hoop egter net dat ons predikante in hierdie preekmaak nie in die versoeking sal kom om die preke sin en voorbeeld in te sluk en oor te dra nie — veral die van Flip Theron. U sien, miskien sit ek daar in u kerk . . . en ek het die bundel gelees.

D F Olivier

John Higgins. *Heuning uit die rots*, Lux Verbi, Kaapstad 1989. pp. 40. Prys R6.30

Die boekie bestaan uit 40 kort oordenkings en almal sluit op een of ander wyse aan by 'n Bybelteks. Dit is nie 'n boekie vir iemand wat dieper wil delf in die Bybel nie. Die gedagtes wat hierin verwoord word is eerder meer sentimenteel en oppervlakkig-geestelik van aard, as wat dit 'n werklike afsteek na die dieptes is. Hoewel daar seker heelwat lesers sal wees wat byvoorbeeld in tye van siekte of spanning geestelike voeding uit die boekie sal kry, sal die wat na meer vaste spyse soek, teleurgesteld wees.

J C Müller

Vir die werk van die kerk is hierdie boek van groot belang. Op verskillende maniere word die groei van stede in die VSA geteken, maar ook wêreldwyd, veral in die Derde Wêreld. Dit beteken dat dit 'n bonte verskeidenheid van volkeregroepe en kulture is. Hierdie patroon word wêreldwyd herhaal. Ook in die lande van die Derde Wêreld is die stede besig om teen 'n ongelooflike tempo te groei en dit gaan gepaard met ernstige demografiese gebeurtenisse en verskuiwinge.

Die klem van die hele boek is dat die veraf sendingvelde nou voor ons deur in die stede geplaas word, dat die baie volke en godsdienste onder die werkteur van die kerk instroom. Hoewel baie kerkmense dit nie altyd verwelkom nie, het dit 'n ongelooflike geleentheid vir die kerke geword om die evangelie aan hierdie mense te bring.

Die skrywers bring die saak van stede in Bybelse perspektief en toon die lewe en bestaan in die stede vandag. Die vinnige en dikwels onordelike verstedeliking word deur allerlei faktore veroorsaak en dit skep baie probleme, maar dit is 'n stroom wêreldwyd wat nie teruggehou kan word nie. Die groei word met gegewens aangetoon en die verwagting is dat teen die jaar 2000 sowat die helfte van die wêreldbevolking in die stede sal woon.

Waar die nasies na ons deur gekom het, skep dit baie probleme en die kerke is nie ewe ywerig om hulle die lot van hierdie mense aan te trek en hulle in omvattende sin te versorg nie. Die redes vir hierdie toedrag van sake word aangegee.

Die boek stel nie net die feit van die verstedeliking en die probleme daaraan verbonde nie, maar toon verskillende weë aan waarlangs die kerke hierdie toegestroomde aanwas in die stede met die evangelie kan bereik. Die benadering van die kerke moet wees van die opleiding van teoloe wat hierby moet aanpas, tot die gesindheid in die kerk en by lidmate, tot die aktiewe en sistematiese bearbeiding van die bonte verskeidenheid mense uit allerlei volke en kulture. Die klem val op deeglike navorsing, goeie beplanning, en effektiewe organisasie. Daar word 'n aantal modelle uit Asië, Afrika en Latyns-Amerika aangegee. Die strukture van die kerk en die inskakeling van die gelowiges, kry besondere aandag.

Die praktiese implementering van die evangelisering sal by elke situasie aangepas word en daar word nie veel nuwe dinge gebied nie. Wat wel duidelik uitstaan is dat hier 'n boek is wat aan ons die werklike situasie in die stede teken en uitwys hoe dat dit 'n besondere geleentheid vir die kerke is. Dit is nie altyd 'n ongemengde seën nie en oor die verstedeliking deur allerlei volksgroepe is daar 'n ambivalente houding, ook by die kerke. Die kerk kan hierdie proses nie stop of wegwens nie en hy moet hierin 'n geleentheid sien om sy sentrale opdrag van sy Here uit te voer.

Waar ons in Suid-Afrika al die tekens sien van verstedeliking ook deur die verskeidenheid van volke en rasse, met allerlei taal- en kultuurverskeidenheid en die groot inbreuk wat dit sal maak op die bestaande lewenspatroon, is dit baie tydig om hierdie boek te lees en te bespreek en te gebruik in die praktiese uitvoering van die bediening van die evangelie. Ons kan die baie negatiewe gedagtes oor instroming na die stede positief omsit deur dit te benader vanuit die roeping om ook hier die evangelie in al sy duidelikheid en krag te bring.

A C Barnard